HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT
FUTURE KLOFIES

FUTURE KLOFIES
Karaktervorming en -ontwikkeling is vir ons by Hoërskool Waterkloof baie belangrik. Die doel van die Future Klofies-program is nie net om vaardigheid te ontwikkel nie, maar ook om te verseker dat elke jong seun en dogter se persoonlikheid en karakter ontwikkel word sodat hulle op die sportveld én in hulle alledaagse lewe, die beste sal wees wat hulle kan wees. Daar word op pret gefokus, maar ook op basiese lewensvaardighede soos respek, dankie-sê, daaglikse bedopmaak en baie meer.

ATLETIEK
Future Klofies-atletiek word op Maandae tot Donderdae vanaf 16:00 tot 17:30 vir graad 3- tot 7-leerders by die skool in naellope, hekkies, verspring, gewigstoot en diskus aangebied.
Koste beloop R400 per atleet per maand, asook 'n inskrywingsfooi van R200 wat ASA-klubregistrasie insluit.
Stuur 'n e-pos na bonnie.joyce@klofies om te in te skryf.
Navrae: Bonnie Joyce – bonnie.joyce@klofies.co.za

HOKKIE
Future Klofies-hokkie word op Vrydae vanaf 14:30 – 15:45 vir o.10- tot o.13-seuns en -dogters op die astro by Hoërskool Waterkloof aangebied. Daar is slegs plek vir 60 spelers. Wêreldklasafrigting word vir spelers en doelwagters aangebied.
Koste beloop tussen R100 en R120 per sessie – afslag word gegee indien meer as een spelers van dieselfde gesin inskryf. 'n Future Klofies-hemp kan teen R250 aangekoop word.
Klik op https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0pYhEakVuUm0cXbz_aXkfb5uL3o_oDRNoYjWiosFFepURFkyWVZGRVNROEREUElKUjlaRzRVUlFSQy4u om te registreer of stuur 'n e-pos na omari.geyer@klofies.co.za.
Navrae: Omari Geyer – omari.geyer@klofies.co.za.

TENNIS
Future Klofies-tennis bied 'n pretprogram aan om rewolusionêre tennissterre te ontwikkel. Alle graad 0- tot 7-spelers is welkom by dié program wat by Hoërskool Waterkloof aangebied word.
Koste: 'n Jaarlikse registrasiefooi van R150 wat 'n gratis T-hemp insluit, asook R450 per kwartaal vir 'n 45-minuutsessie een keer per week vir graad 0- tot 6-spelers en 'n 90-minuutsessie vir graad 7-leerders.
Ingeskrewe Klofies woon die sessies gratis by.
Klik op die skakel om in te skryf: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdojYZX21fI7ajFZwpYTo8Lm2ur68UWIJVOtdRoFRROP3XL-w/viewform?usp=sf_link
Navrae: Alexandra Dreyer – tennis@klofies.co.za.

KRIEKET
Future Klofies-krieket word op Woensdae en Vrydae vanaf 14:00 tot 15:30 by Laerskool Monumentpark en op Woensdae en Vrydae vanaf 16:00 tot 17:30 by Hoërskool Waterkloof aangebied. Graad R0- tot 7-seuns word genooi om dit by te woon.
Koste beloop R400 per speler per maand. 'n Inskrywingsfooi van R720 is ook betaalbaar. Dit sluit twee Future Klofies-hemde, 'n Future Klofies-kortbroek en -pet in.
Klik op https://forms.gle/Q7MxCoysngWX4jXH9 om te registreer.
Navrae: Ruan Sadler - ruan.sadler@klofies.co.za.

RUGBY
Die Future Klofies-Rugbyprogram bied aan seuns tussen die ouderdom van 7 en 13 geleentheid om hulle rugbyvaardighede op te skerp. Dit skep ook geleentheid vir die spelers om hulle sosiale vaardighede te ontwikkel, nuwe vriende te maak en, die belangrikste van alles, om PRET te hê.
Sessies bestaan uit opwarming, pret en speletjies, rugbyvaardighede en afwarming en word vanaf Maandae en Vrydae vanaf 15:00 tot 16:00 op die A-veld by Hoërskool Waterkloof aangebied.
Koste beloop R1 000 per speler wat registrasiefooi en 'n Future Klofies-hemp insluit. Spelers wat reeds 'n hemp het, betaal slegs R800. Die program duur agt weke, dus agt sessies. Finale datums sal nader aan die tyd bekend gemaak word.
Registrasies kan aanlyn gedoen word om solank plek te bespreek:
Graad 1 tot 3: https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0pY-hEakVuUm0cXbz_aXkfWtcFn05UM9BodZEntv135dUNEdORzRaQUdXWE9aSUJLUURJWDc5SzNETi4u
Graad 4 tot 7: https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=0pY-hEakVuUm0cXbz_aXkfWtcFn05UM9BodZEntv135dUN1VNQTVSU0NBWE5QVEdlT1pMNUZaRlFHOS4u
Navrae: Renier de Villiers – renier.devilliers@klofies.co.za.

NETBAL
Future Klofies-netbal word vanaf September tot Oktober 2020 vir graad 1- tot 7-spelers by Hoërskool Waterkloof aangebied. Afrigters wat dié sessies aanbied, is Marlize Smit, voormalige Protea-speler, en René Straeuli (Netbaldirekteur by Hoërskool Waterkloof).
Koste beloop R800 per speler, maar is gratis vir Future Klofie-druppels van 2021.
Klik op die skakel om solank jou plek te bespreek: https://klofies-my.sharepoint.com/:w:/g/personal/rene_straeuli_klofies_co_za/EUKZrT96JrVAknXzxk_rDa4BYceXjHeFA-HuEEl7CnLvGw?e=Acda9p
Navrae: Marlize Smit – marlize.smit@klofies.co.za.

#grensloos